B.J. LIEBENBERG, K.W. SMITH en S.B. SPIES (reds.)
*A bibliography of South African history 1978-1989*
Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
1992
401 pp.
R66,00
ISBN 0-86981-749-3

Die groot aantal Suid-Afrikaanse en buitelandse historici, asook ander akademici en belangstellendes, wat oor baie jare met groot vrug van *South African history and historians - a bibliography* (1979) en die voorgangers daarvan gebruik gemaak het, sal ongetwyfeld die verskyning van hierdie opvolgwerk gretig verwelkom. Net soos sy voorgangers sal ook hierdie werk 'n sentrale plek op menige boekrak - binne maklike bereik vir vinnige naslaanwerk - inneem. Trouens die gewildheid van hierdie naslaanreeks bly merkwaardig as in gedagte gehou word dat dit slegs die heel noodsaaklikste bibliografiese besonderhede van publikasies verskaf sonder enige verdere inligting oor inhoud. Omdat die verskillende publikasies egter in toepaslike tematiese en chronologiese afdelings ingedeel word, word in 'n groot mate hiervoor vergoed.

*A bibliography of South African history 1978-1989* bevat verwysings na 4 005 publikasies en is in 'n mooi groot en maklik leesbare lettertipe gedruk. Sy onmiddellike voorganger (*South African history and historians*) het 4 518 inskrywings gehad, maar dit het 'n baie groter tydperk gedek - alle publikasies voor 1978. Artikels wat in altesaam 261 Suid-Afrikaanse en buitelandse tydskrifte verskyn het, is in die nuwe bibliografie opgeneem. Saam met 'n groot aantal ander publikasies, verhandelinge en proefskrifte moes die insameling en verwerking hiervan 'n baie omvangryke taak gewees het. Ten spyte hiervan word vertrou dat die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika in die toekoms díe selfopgelegde en dikwels ondankbare taak sal voortsit.

'n Paar interessante veranderinge is by die inhoudsindeling aangebring. Die hoofindelings van "general", "periods" en "subjects" is behou, maar onder eersgenoemde is 'n afdeling "collected papers and articles" en onder laasgenoemde "women's studies" nuut ingesluit. Albei hierdie afdelings is welkome toevoegings. In die eersgenoemde geval omdat dit ruimte skep vir 'n tipe publikasie wat moeilik elders geakkommodeer kan word. Wat "women's studies" betref, laat dit reg geskied aan 'n belangrike tendens van die afgelope tyd. 'n Verdere "nuwe" afdeling is "ethnic and cultural identity" wat klaarblyklik publikasies wat tevore in 'n paar afdelings opgeneem is, saamvat. Die afdelings wat handel oor die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 en die twee Wêreldoorloë - wat tevore onder "periods" ingedeel is - is nou onder "subjects" geplaas. Dit is verder opvallend dat die meeste oorblywende afdelings onder "periods" sodanig verbreed is dat dit minder blanksentries voorkom. Vroeër het die afdelings wat byvoorbeeld op die Kaap, Natal, Vrystaat en Transvaal betrekking gehad het, tydperke gedek wat ten nouste saamgehang het met die "blanke" geskiedenis.

Die groot leemte by *A bibliography of South African history 1978-1989* is dat dit nie oor òf 'n onderwerpsindeks òf kruisverwysings tussen die verskillende afdelings beskik nie. Dit was juis hierdie belangrike naslaanhulpmiddels wat sy voorgangers so gerieflik en bruikbaar gemaak het. Die afwesigheid hiervan sal die nut van díe nuwe werk beslis verminder. Dit is verder jammer dat die tydperk wat gedek word net tot by 1989 strek. Dit bring mee dat dit met sy verskyning reeds twee en 'n half jaar "agterstallig" is.

J.S. BERGH
*Universiteit van Pretoria*